
# Maak 'n slim Graad 10-vakkeuse




2018

Graad 10-vakkeuses

Laat vandag tel

www.up.ac.za

# Inhoud

Verantwoordelike vakkeuses vir Graad 10 is belangrik bladsy 2
Stappe om te volg bladsy 3
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bladsy 9
Fakulteit Opvoedkunde bladsy 10
Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie bladsy 11
Fakulteit Teologie en Religie bladsy 13
Fakulteit Gesondheidswetenskappe bladsy 14
Fakulteit Geesteswetenskappe bladsy 15
Fakulteit Regsgeleerdheid bladsy 16
Fakulteit Veeartsenykunde bladsy 16
Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe bladsy 17











Uitgegee deur die Departement Toelating en Studenteadministrasie in Desember 2017.
Kommentaar en navrae kan gerig word aan ssc@up.ac.za of tel +27 (0)12 420 3111

**Vrywaring:** Hierdie publikasie bevat inligting oor reëls, beleide, onderriggelde, kurrikula en programme van die Universiteit soos van toepassing ten tye van die druk daarvan. Wysigings aan of bywerking van die inligting in hierdie publikasie mag van tyd tot tyd sonder vooraf kennisgewing geskied. Die akkuraatheid, betroubaarheid of geldigheid van die inligting vervat in hierdie publikasie word derhalwe nie deur die Universiteit op enige gegewe tydstip gewaarborg nie en is onderhewig aan verifiëring. Die gebruiker word versoek om deurgaans die korrektheid van die gepubliseerde inligting met die Universiteit te bevestig. Versuim om dit te doen, sal nie aanleiding gee tot enige eis of aksie van enige aard teen die Universiteit deur enige party hoegenaamd nie.

# Verantwoordelike vakkeuses vir Graad 10 is belangrik



Dit is baie teleurstellend wanneer Graad 12-leerders en hulle ouers besef dat die vakke wat die leerders geneem het hulle nie toelaat om vir hulle gekose studierigting aansoek te doen nie. Dit gebeur selfs dat hulle die regte vakke gekies het, maar nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie.

**Twee redes vir hoë uitsakkings is die volgende:**

(a) Leerders kies die verkeerde program.
(b) Leerders maak nie seker dat hul Graad 10-vakkeuses met hulle gekose program ooreenstem nie.

Ten einde enige gapings te oorbrug, stel hierdie brosjure Graad 9-leerders in staat om goeie vakkeuses vir Graad 10 te maak wat vir hulle toegang tot 'n verskeidenheid programme sal bied. Leerders het 'n belangrike verantwoordelikheid in hierdie opsig omdat oningeligte besluite oor vakkeuses hulle toekomstige loopbaanbeplanning kan benadeel. Leerders hoef nie te bekommer nie, want hulle kan moontlikhede saam met hulle ouers en opvoeders beplan en oorweeg om te bepaal watter opwindende loopbaan hulle sal wil volg en watter vakke hulle in Graad 10 sal benodig om daardie droom te bewaarheid.

Hierdie brosjure is 'n unieke, **stap-vir-stap gids** wat Graad 9-leerders in staat sal stel om sinvolle vakkeuses te maak vir Graad 10.

# Stappe om te volg

## STAP 01

## Versamel inligting oor moontlike beroepsgeleenthede

Hierdie stap is dikwels die moeilikste en die een wat ouers en leerders moedeloos maak, veral as leerders werklik nie weet watter loopbaan hulle eendag wil volg nie. Die doel met hierdie stap moet egter nie noodwendig wees om te besluit oor 'n spesifieke beroep nie, maar eerder oor 'n breë beroepsbelangstellingsveld, bv gesondheidswetenskappe, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe, ingenieurswese, ens.

Dit is daarom nodig dat leerders self soveel as moontlik inligting moet inwin oor sodanige moontlike beroeps-belangstellingsvelde wat by hulle eie belangstellings en persoonlikhede sal pas. Ouers kan hier 'n groot rol speel en baie help omdat hulle meer weet van die eise wat spesifieke beroepe stel. Dit is belangrik dat leerders ondersteun en begelei moet word met advies om sover as moontlik uiteindelik hul EIE keuse te maak. Sodoende word die leerders se selfbeeld ontwikkel en neem hulle eienaarskap van hul besluite. Daar is verskeie bronne waarin meer inligting oor beroepsbelangstellingsvelde gekry kan word. Een sodanige bron wat aanbeveel word, is die webwerf van PACE Careers.

**Leerders kan die volgende stappe volg:**

- Gaan na www.pacecareers.com.
- Klik op "Services".
- Beweeg af en klik dan op "Take the Questionnaire" en dan op "Start the questionnaire".
- Registreer om die vraelys te voltooi. Dit bestaan uit 105 eenvoudige stellings waarop die leerder slegs "Ja" of "Nee" moet antwoord.
- Sodra die laaste vraag beantwoord word, word 'n profiel van die leerder se beroepsbelangstellingsvelde vertoon waar baie duidelik aangedui word watter belangstellingsvelde die sterkste is.
- Reg langs elke belangstellingsveld is daar 'n skakel waarop geklik kan word en wat dan 'n lys gee van alle moontlike beroepe binne die betrokke belangstellingsveld.
- Indien daar dan op 'n spesifieke beroep geklik word, kry die leerder inligting in verband met die beroep, wat 'n opsomming insluit oor wat die beroep behels, vakke wat vereis word en ook beroepsmoontlikhede.
- Dit word verder aanbeveel dat leerders tyd aan skaduwerk moet bestee. Sodoende kan leerders die werksomgewing ervaar wat 'n kritieke aspek is wanneer 'n besluit oor 'n spesifieke beroep geneem moet word.

# STAP 02

## Neem kennis van die struktuur van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en die Onafhanklike Eksamenraad (Independent Examination Board – IEB)-sertifikaat

**Daar word van Graad 9-leerders verwag om minstens SEWE vakke in hul vakpakket vir Graad 10 in te sluit:**

**Vier verpligte vakke:**
- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering

**Drie ander keusevakke uit 'n lys van die erkende NSS 20-kredietvakke wat by die betrokke skool aangebied word.**

'n Lys van die skoolvakke waaruit 'n leerder sal kan kies, sal deur die skool beskikbaar gestel word. Die verskeidenheid vakke wat aangebied kan word, sal bepaal word deur die beskikbare hulpbronne en toerusting by individuele skole.

# STAP 03

## Maak seker dat jy bewus is van die toelatingsvereistes om aan 'n tersiêre instansie te studeer

**Voorbeelde van tersiêre instansies sluit in universiteite, universiteite van tegnologie, kolleges vir verdere onderwys en opleiding (VOO)- en privaatkolleges. Daar is twee stelle toelatingsvereistes waaraan voornemende studente uiteindelik met hul Graad 11- en/of Graad 12-uitslae sal moet voldoen om aan 'n tersiêre instansie te studeer:**

### Toelatingsvereistes van die Departement van Onderwys

Die statutêre minimum vereistes vir graadstudie is 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of 'n Onafhanklike Eksamenraad (Independent Examination Board – IEB)-sertifikaat met 'n minimum prestasievlak van 4 (50–59%) in vier erkende NSS 20-kredietvakke uit die aangewese vaklys hieronder:

- Rekeningkunde
- Landbouwetenskap
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Ingenieursgrafika en ontwerp
- Geografie
- Geskiedenis
- Inligtingtegnologie
- Tale
- Lewenswetenskappe
- Wiskundige Geletterdheid
- Wiskunde
- Musiek
- Fisiese Wetenskap
- Religieuse Studies
- Visuele Kunste

### Toelatingsvereistes van die verskillende tersiêre instansies

Hierdie toelatingsvereistes sluit fakulteitspesifieke toelatingsvereistes in. Let daarop dat die verskillende tersiêre instansies verskillende toelatingsvereistes sal hê. Vir die toelatingsvereistes wat deur die Universiteit van Pretoria gestel word, besoek www.up.ac.za/toelatingsinligting.

# Stappe om te volg: Stap 03 (vervolg)

Om in aanmerking te kom vir 'n program moet die aansoeker voldoen aan die spesifieke vakvereistes sowel as die Toelatingspunttelling (TPT)-vereiste, byvoorbeeld:

| Program | Minimum vereistes vir 2019 | | |
|---|---|---|---|
| | Prestasievlak | | TPT |
| | Engels | Wiskunde | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | |
| BA (Oudiologie)<br>**[4 jaar]**<br>Sluitingsdatums:<br>SA – 30 Junie<br>Nie-SA – 30 Junie | 5 | 4 | **32** |
| Departementele keuring is gebaseer op akademiese prestasie. Om toelating te behou, word daar van kandidate verwag om 'n TPT van minstens 32 in Graad 12 te behaal. Slegs 50 studente word toegelaat. Die voorlopige keuringsproses begin in Julie van die jaar wat die eerste studiejaar voorafgaan. Meer inligting kan van die programkoördineerder verkry word. Die eerste studiejaar vir Oudiologie en Spraak-Taalpatologie is dieselfde. Die keuse van Lewenswetenskappe word sterk aanbeveel. Die NBT is nie van toepassing op hierdie progam nie.<br>LET WEL: Slegs studente wat hierdie program as hulle eerste keuse op die Aanlynaansoek aandui, sal oorweeg word.<br>**Beroepe as 'n oudioloog:** Diagnostiese en rehabilitasie-oudiologie, oudiometrie en gehoorterapie, werk in die onderwys, buitengewone onderwys, hospitale, klinieke, privaat praktyk, die staat, militêre - en akademiese instellings (onderrig en navorsing ) en industrieë | | | |



## Die berekening van die TPT word gedoen op grond van 'n sewepuntgraderingskaal

### Nasionale Seniorsertifikaat (NSS) sewepuntgraderingskaal

| Prestasievlak | Beskrywing | Persentasie |
|---|---|---|
| 7 | Uitstaande prestasie | 80–100% |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70–79% |
| 5 | Wesenlike prestasie | 60–69% |
| 4 | Voldoende prestasie | 50–59% |
| 3 | Middelmatige prestasie | 40–49% |
| 2 | Elementêre prestasie | 30–39% |
| 1 | Nie behaal nie | 0–29% |

### Voorbeeld: Joanne Govender

| Vak | Persentasie (%) | Pretasievlak | TPT |
|---|---|---|---|
| Engels Huistaal | 73 | 6 | 6 |
| Afrikaans FAL | 68 | 5 | 5 |
| Wiskunde | 81 | 7 | 7 |
| Fisiese Wetenskap | 84 | 7 | 7 |
| RTT | 91 | 7 | 7 |
| Geografie | 72 | 6 | 6 |
| Lewensoriëntering | 84 | 7 | – |
| | | | **38 (TPT TOTAAL)** |

## UP-taalbeleid

Vanaf 1 Januarie 2019 sal Engels die taal van onderrig en leer vir alle eerstejaar-programme wees. Die enigste uitsondering is waar studente ander tale bestudeer en in programme met beroepspesifieke taaluitkomste, onderhewig aan goedkeuring deur die Senaat. Engels sal ook op alle kampusse en in koshuise die taal van amptelike kommunikasie en administrasie wees. Waar dit aangevra en haalbaar is, bestaan die moontlikheid dat administratiewe dienste in ander Suid-Afrikaanse tale gelewer kan word.

Studente wat voor 2019 geregistreer het, insluitende diegene wat in 2018 vir die eerste keer geregistreer het, sal steeds lesings, tutoriale, studiegidse en assesseringsmateriaal (vraestelle, werkopdragte ensovoorts) in Afrikaans ontvang vir daardie programme wat ten tye van registrasie in Afrikaans aangebied was, gegewe dat die grootte van die klas prakties haalbaar bly en dat dit akademies regverdigbaar is.

Waar assessering en vraestelle in Afrikaans aangebied word, sal studente wat tans geregistreer is, ook toegelaat word om in Afrikaans te antwoord.

## STAP 04

## Neem 'n belangrike besluit tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid

Alle leerders is nie ewe lief vir Wiskunde nie en alle leerders is ook nie in dieselfde mate aangelê om die vak ewe goed te bemeester nie. Dit is onwaarskynlik dat leerders wat nie lief is vir Wiskunde nie en nie goed daarin presteer nie, 'n studie- of beroepsrigting sal kies waar Wiskunde 'n vereiste is. Dit is egter 'n realiteit dat Wiskunde 'n vereiste vak is vir heelwat programme op tersiêre vlak en dat leerders wat nie Wiskunde neem nie, daarom nie vir sodanige programme oorweeg sal word nie.

Leerders bemeester gewoonlik die inhoud van Wiskundige Geletterdheid makliker as die inhoud van Wiskunde aangesien Wiskundige Geletterdheid meer te make het met die praktiese aanwending van wiskundige beginsels en begrippe in die alledaagse lewe, bv die berekening van oppervlaktes, volumes en omtrekke, die berekening van wins en verlies, die opstel van 'n begroting, ens.

**Onthou dat 'n slaagpunt in Wiskundige Geletterdheid vir 'n leerder beter is as 'n druippunt in Wiskunde.** Dit behoort ook die uitgangspunt te wees wanneer die leerder saam met sy ouer die keuse moet maak tussen hierdie twee vakke. Leerders en ouers word sterk aangemoedig om die aanbeveling van die skool en die Wiskunde-onderwyser in hierdie verband te oorweeg wanneer hierdie belangrike besluit geneem moet word.

Let ook daarop dat dit verseker nie die einde van die studie- of beroepspaadjie is vir 'n leerder wat nie Wiskunde neem nie. **Daar is talle studierigtings beskikbaar vir leerders wat Wiskundige Geletterdheid as vak neem wat duidelik aangedui word in die fakulteitstabelle in hierdie brosjure.** Dit is ook 'n feit dat hierdie leerders net so suksesvol in hul latere beroepe kan wees as hul kollegas wat Wiskunde as 'n vak geneem het.

## STAP 05

## Besluit nou op 'n veilige vakkeuse vir Graad 10

Die struktuur van die NSS en die IEB-sertifikaat waarna in Stap 2 verwys is, stel Graad 10-leerders in staat om, afgesien van die kritiese en verpligte vakke, ook keusevakke te neem wat die leerder geniet en waarin leerders goed kan presteer om hulle gemiddelde punt op te skuif. Afgesien van goeie prestasies in die vakke wat vir spesifieke programme vereis word, is die gemiddelde persentasie wat leerders vir al hul vakke saam behaal, baie belangrik om uiteindelik toegelaat te word vir programme by tersiêre instansies.

Die fakulteitstabelle vanaf bladsy 9 weerspieël al die voorgraadse programme wat by die Universiteit van Pretoria aangebied word met daarnaas die vereiste NSS/IEB-vakke waaruit leerders in Graad 10 sal moet kies om vir die programme oorweeg te kan word. Hierdie tabelle sluit ook wenke in oor ander toepaslike keusevakke om die vakpakket van sewe vakke vol te maak. Neem kennis dat daar vakke aangedui kan word wat nie noodwendig by alle skole aangebied word nie. Daar mag ook by sommige skole erkende NSS 20-kredietvakke aangebied word wat nie in hierdie tabel verskyn nie en wat die leerder as 'n keusevak sal kan kies.

# STAP 06

## Word 'n JuniorTukkie

**Die JuniorTukkie-program van die Departement Toelating en Studente-administrasie aan die Universiteit van Pretoria is gestig om leerders in Grade 9, 10, 11 en 12 te help om verantwoordelike studie- en loopbaankeuses te maak.**

Die JuniorTukkie-inisiatief ontwikkel ook belangrike vaardighede om leerders beter toe te rus vir die uitdagings wat hulle in hulle persoonlike en ook professionele hoedanigheid kan teëkom. Die JuniorTukkie-program bied onder meer 'n groot verskeidenheid dienste vir leerders en studente soos eerstehandse inligting oor studie- en loopbaanopsies, leierskap-, lewensvaardigheid- en studievaardigheid-ontwikkeling, sowel as betrokkenheid by gemeenskapsprojekte en talle meer. Leerders met 'n minimum akademiese gemiddeld van 70% kan vir lidmaatskap van die JuniorTukkie-klub aansoek doen. Lidmaatskap van die JuniorTukkie-klub is kosteloos.

### Kyk net na al die voordele waarin JuniorTukkies kan deel:

- Ontvang elke jaar twee aanlyn uitgawes van die JuniorTukkie-tydskrif propvol kampusinligting en ook inligting oor die verskillende fakulteite en programme wat ons aanbied.
- Toegang tot ons JuniorTukkie-webblad en JT App, waar onder meer ook studiegidse vir 'n aantal skoolvakke afgelaai kan word, geleenthede lewendig uitgesaai word, ens.
- Toegang tot nuttige eksamenwenke
- Persoonlike uitnodigings na geleenthede en funksies wat die Universiteit van Pretoria aanbied.
- Regstreekse toegang tot die JuniorTukkie-kantoor om met jou navrae te help.
- Bystand om te verseker dat jou aansoekproses glad verloop wanneer jy in jou Graad 12-jaar aansoek doen vir toelating tot studie aan die Universiteit van Pretoria.
- Toegang tot die JuniorTukkie Somer- en Winterskole.
- Toegang tot e-leer-verrykingsprogramme in Wiskunde en Fisiese Wetenskap.
- Toegang tot die Lectorsa-leesontwikkelingsprogram.





## Maak 'n slim Graad 10-vakkeuse op grond van die betrokke programvereistes.

<table>
<tr><th colspan="4">Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</th><th colspan="2">Graad 10-vakpakket</th></tr>
<tr><th rowspan="4">Programme</th><th colspan="3">Minimum vereistes vir 2019</th><th rowspan="4">Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket</th><th rowspan="4">Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak (Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)</th></tr>
<tr><th colspan="2">Prestasievlak</th><th rowspan="3">TPT</th></tr>
<tr><th>Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal</th><th>Wiskunde</th></tr>
<tr><th>NSS/IEB</th><th>NSS/IEB</th></tr>
<tr><td>BCom (Rekeningkundige Wetenskappe)</td><td>5</td><td>6</td><td>34</td><td rowspan="14">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering</td><td rowspan="14">▪ Rekeningkunde<br>▪ Landbou-wetenskap<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Geografie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Inligting-tegnologie<br>▪ Toerisme<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BCom (Beleggingsbestuur)</td><td>5</td><td>6</td><td>34</td></tr>
<tr><td>BCom (Finansiële Wetenskappe)</td><td>5</td><td>5</td><td>32</td></tr>
<tr><td>BCom (Ekonometrie)</td><td>5</td><td>6</td><td>32</td></tr>
<tr><td>BCom (Ekonomie)</td><td>5</td><td>5</td><td>32</td></tr>
<tr><td>BCom (Regte)</td><td>5</td><td>5</td><td>32</td></tr>
<tr><td>BCom (Statistiek)</td><td>5</td><td>5</td><td>32</td></tr>
<tr><td>BCom (Informatika)<br>Fokusarea: Inligtingstelsels</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom (Agribesigheids-bestuur)</td><td>5</td><td>5</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom (Ondernemings-bestuur)</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom (Voorsieningsketting-bestuur)</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom (Bemarkingsbestuur)</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BCom (Menslikehulpbron-bestuur)</td><td>5</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BAdmin (Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudings)</td><td>5</td><td>Wiskunde 3 of Wiskundige Geletterdheid 4</td><td>28</td><td>▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewens-oriëntering</td><td>▪ Rekeningkunde<br>▪ Landbou-wetenskap<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Geografie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Inligting-tegnologie<br>▪ Toerisme<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die<br>Fakulteit Opvoedkunde</th><th colspan="2">Graad 10-vakpakket</th></tr>
<tr><th rowspan="4">Programme</th><th colspan="2">Minimum vereistes vir 2019</th><th rowspan="4">Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket</th><th rowspan="4">Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak<br>(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)</th></tr>
<tr><th>Prestasievlak</th><th rowspan="3">TPT</th></tr>
<tr><th>Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal</th></tr>
<tr><td>NSS/IEB</td></tr>
<tr><td>BEd (Grondslagfase-onderwys) – Voorskool tot Graad 3</td><td>4</td><td>28<br>(26–27 toelating op grond van die NBT)</td><td rowspan="4">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewensoriëntering</td><td rowspan="4">▪ Rekeningkunde<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Toerisme<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligtingtegnologie<br>▪ Landbou-wetenskap<br>▪ Dramatiese Kunste<br>▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Geografie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Musiek<br>▪ Religieuse Studies<br>▪ Visuele Kunste<br>▪ Gasvryheidstudies<br>▪ Verbruikerstudies<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BEd (Intermediêrefase-onderwys) – Graad 4 tot 6</td><td>4</td><td>28<br>(26–27 toelating op grond van die NBT)</td></tr>
<tr><td>BEd (Seniorfase- en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys) – Graad 7 tot 12</td><td>4</td><td>28<br>(26–27 admission based on the NBT)</td></tr>
<tr><td>Hoër Sertifikaat in Sportwetenskap Onderwys</td><td>4</td><td>20</td></tr>
<tr><td>BEd (Seniorfase- en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys) – Graad 7 tot 12<br><br>(Natuurwetenskappe opsie)<br>Additionele vakvereistes:<br>▪ Fisiese Wetenskap 5 (60-69%)<br>▪ Wiskunde 5 (60-69%)</td><td>4</td><td>28<br>(26–27 toelating op grond van die NBT)</td><td>▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewensoriëntering</td><td>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligtingtegnologie<br>▪ Geografie<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BEd (Seniorfase- en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys) – Graad 7 tot 12<br><br>(Ekonomiese- en bestuurs-wetenskappe opsie)<br>Additionele vakvereiste:<br>▪ Wiskunde 4 (50-59%)</td><td>4</td><td>28<br>(26–27 toelating op grond van die NBT)</td><td>▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewensoriëntering</td><td>▪ Rekeningkunde<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Toerisme<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligtingtegnologie<br>▪ Gasvryheidstudies<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
</table>

| Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die<br>**Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie** | | | | | **Graad 10-vakpakket** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Programme** | **Minimum vereistes vir 2019** | | | | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| | **Prestasievlak** | | | **TPT** | | |
| **SKOOL VIR DIE BOU-OMGEWING** | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | **Wiskunde** | **Fisiese Wetenskap** | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BSc (Argitektuur) | 5 | 4 | 4 | **27** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Rekeningkunde |
| BSc (Binne-argitektuur) | 5 | 4 | 4 | **27** | | |
| BSc (Landskap-argitektuur) | 5 | 4 | of Geografie of Lewens-wetenskappe 4 | **27** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap of Geografie of Lewens-wetenskappe<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Geografie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Visuele Kunste<br>▪ 'n Derde taal |
| BSc (Konstruksie-bestuur) | 5 | 5 | of Rekeningkunde 4 | **30** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap of Rekeningkunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Geografie<br>▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Visuele Kunste<br>▪ Siviele Tegnologie<br>▪ 'n Derde taal |
| BSc (Eiendomswese) | 5 | 5 | of Rekeningkunde 4 | **30** | | |
| BSc (Bourekenkunde) | 5 | 5 | of Rekeningkunde 4 | **30** | | |

| **Programme** | **Minimum vereistes vir 2019** | | | | **Graad 10-vakpakket** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Prestasievlak** | | | **TPT** | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| **SKOOL VIR DIE BOU-OMGEWING** | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | **Wiskunde** | **Fisiese Wetenskap** | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BS&S – Baccalaureus in Stads- en Streekbeplanning | 5 | 4 | - | **27** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Geografie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Visuele Kunste<br>▪ 'n Derde taal |

| **Programme** | **Minimum vereistes vir 2019** | | | | **Graad 10-vakpakket** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Prestasievlak** | | | **TPT** | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| **SKOOL VIR INGENIEURS-WESE** | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | **Wiskunde** | **Fisiese Wetenskap** | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BIng (Bedryfs-ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekeningkunde<br>▪ Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligting-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br><br>Addisioneel tot die vakpakket word leerders aangemoedig om ook Addisionele Wiskunde te neem. |
| BIng (Chemiese Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Siviele Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Elektriese Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Elektroniese Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Meganiese Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Metallurgiese Ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Mynbou-ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| BIng (Rekenaar-ingenieurswese) | 5 | 6 | 6 | **35** | | |
| Aanvullende Graadprogram in Ingenieurswese (ENGAGE) | 4 | 5 | 4 | **25** | | |

<table>
<tr><th rowspan="2">Programme</th><th colspan="3">Minimum vereistes vir 2019</th><th colspan="2">Graad 10-vakpakket</th></tr>
<tr><th colspan="2">Prestasievlak</th><th rowspan="3">TPT</th><th rowspan="3">Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket</th><th rowspan="3">Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak (Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)</th></tr>
<tr><th rowspan="2">SKOOL VIR INLIGTING-TEGNOLOGIE</th><th>Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal</th><th>Wiskunde</th></tr>
<tr><td>NSS/IEB</td><td>NSS/IEB</td></tr>
<tr><td>BIT – Baccalaureus in Inligting-tegnologie</td><td>5</td><td>5</td><td rowspan="4">30 (26–29 toelating op grond van die NBT)</td><td rowspan="4">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewensoriëntering</td><td rowspan="4">▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligtingtegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ ‘n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BSc (Rekenaar-wetenskap)</td><td>5</td><td>5</td></tr>
<tr><td>BIS (Multimedia)</td><td>4</td><td>5</td></tr>
<tr><td>BSc (Inligting- en Kennisstelsels)</td><td>4</td><td>5</td></tr>
<tr><td>BIS (Inligtingkunde)</td><td>4</td><td>-</td><td rowspan="2">28 (25–27 toelating op grond van die NBT)</td><td rowspan="2">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewensoriëntering</td><td rowspan="2">▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Inligtingtegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ ‘n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BIS (Uitgewerswese)</td><td>5</td><td>-</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die<br>Fakulteit Teologie en Religie</th><th colspan="2">Graad 10-vakpakket</th></tr>
<tr><th rowspan="4">Programme</th><th colspan="2">Minimum vereistes vir 2019</th><th rowspan="4">Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket</th><th rowspan="4">Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak (Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)</th></tr>
<tr><th>Prestasievlak</th><th rowspan="3">TPT</th></tr>
<tr><th>Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal</th></tr>
<tr><td>NSS/IEB</td></tr>
<tr><td>BDiv – Baccalaureus Divinitatis (vir toelating tot MDiv studie)</td><td>4</td><td>25 (23–24 toelating op grond van die NBT)</td><td rowspan="3">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewensoriëntering</td><td rowspan="3">▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Musiek<br>▪ Dramatiese Kunste<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Religieuse Studies<br>▪ ‘n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BTh – Baccalaureus Theologiae</td><td>4</td><td>25 (23–24 toelating op grond van die NBT)</td></tr>
<tr><td>DipTh – Diploma in Teologie</td><td>3</td><td>22 (20–21 toelating op grond van die NBT)</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="5">Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe</th><th colspan="2">Graad 10-vakpakket</th></tr>
<tr><th rowspan="4">Programme</th><th colspan="4">Minimum vereistes vir 2019</th><th rowspan="4">Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket</th><th rowspan="4">Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak<br>(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)</th></tr>
<tr><th colspan="3">Prestasievlak</th><th rowspan="3">TPT</th></tr>
<tr><th>Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal</th><th>Wiskunde</th><th>Fisiese Wetenskap</th></tr>
<tr><th>NSS/IEB</th><th>NSS/IEB</th><th>NSS/IEB</th></tr>
<tr><td>BChD – Baccalaureus Chirurgiae Dentium</td><td>5</td><td>5</td><td>5</td><td>35</td><td rowspan="8">▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap (of Lewens-wetenskappe slegs vir BSportSci)<br>▪ Lewens-oriëntering</td><td rowspan="8">▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BMH – Baccalaureus in Mondhigiëne</td><td>4</td><td>4</td><td>4</td><td>25</td></tr>
<tr><td>BDieetkunde – Baccalaureus in Dieetkunde</td><td>4</td><td>4</td><td>4</td><td>25</td></tr>
<tr><td>BArb – Baccalaureus in Arbeidsterapie</td><td>4</td><td>4</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BFisio – Baccalaureus in Fisioterapie</td><td>4</td><td>4</td><td>4</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BRad – Baccalaureus in Radiografie</td><td>4</td><td>4</td><td>4</td><td>25</td></tr>
<tr><td>MBChB – Baccalaureus in Geneeskunde en Snykunde</td><td>5</td><td>5</td><td>5</td><td>35</td></tr>
<tr><td>BSportSci – Baccalaureus in Sportwetenskap</td><td>5</td><td>5</td><td>of Lewens-wetenskappe 5</td><td>30</td></tr>
<tr><td>BVerpl – Baccalaureus in Verpleegkunde</td><td>4</td><td>-</td><td>-</td><td>28</td><td>▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewens-oriëntering</td><td>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
<tr><td>BKMP – Baccalaureus in Kliniese Mediese Praktyk</td><td>4</td><td>4</td><td>-</td><td>25</td><td>▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering</td><td>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ 'n Derde taal</td></tr>
</table>

| Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die **Fakulteit Geesteswetenskappe** | | | | Graad 10-vakpakket | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Programme** | **Minimum vereistes vir 2019** | | | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| | **Prestasievlak** | | **TPT** | | |
| | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | **Wiskunde** | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BA (Spraak-Taalpatologie) | 5 | 4 | **32** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Musiek<br>▪ 'n Derde taal |
| BA (Oudiologie) | 5 | 4 | **32** | | |
| BMW – Baccalaureus in Maatskaplike Werk | 5 | - | **30** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Toerisme<br>▪ Dramatiese Kunste<br>▪ Visuele Kunste<br>▪ Musiek<br>▪ 'n Derde taal |
| BA | 5 | - | **30** | | |
| BA (Regte) | 5 | - | **30** | | |
| BA (Tale) | 5 | - | **30** | | |
| BSocSci (Bedryfsosiologie en Arbeidstudies) | 5 | - | **30** | | |
| BSocSci (Erfenis- en Kultuurtoerisme) | 5 | - | **30** | | |
| BPolSci (Internasionale Studies) | 5 | - | **30** | | |
| BPolSci (Politieke Studies) | 5 | - | **30** | | |
| BA (Beeldende Kunste) | 5 | - | **30** | | |
| BA (Inligtingsontwerp) | 5 | - | **30** | | |
| BA (Visuele Studies) | 5 | - | **30** | | |
| BMus | 5 | - | **30** | | |
| BDram – Baccalaureus in Drama | 5 | - | **30** | | |
| BSocSci (Filosofie, Politiek en Ekonomie) [PPE] | 5 | 5 | **32** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Inligting-tegnologie<br>▪ Religieuse Studies<br>▪ 'n Derde taal |

| Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die **Fakulteit Regsgeleerdheid** | | | Graad 10-vakpakket | |
|---|---|---|---|---|
| **Program** | **Minimum vereistes vir 2019** | | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| | **Prestasievlak** | **TPT** | | |
| | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | | | |
| | NSS/IEB | | | |
| LLB | 5 | **32** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Dramatiese Kunste<br>▪ Geskiedenis<br>▪ Besigheidstudies<br>▪ Ekonomie<br>▪ 'n Derde taal |

| Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die **Fakulteit Veeartsenykunde** | | | | | Graad 10-vakpakket | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Programme** | **Minimum vereistes vir 2019** | | | | **Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket** | **Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)*** |
| | **Prestasievlak** | | | **TPT** | | |
| | **Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal** | **Wiskunde** | **Fisiese Wetenskap** | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BVSc – Baccalaureus in Veeartsenykunde | 5 | 5 | 5 | **32** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekeningkunde<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Ekonomie<br>▪ Geografie<br>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Landbou-wetenskap<br>▪ 'n Derde taal |
| Baccalaureus in Veterinêre Verpleegkunde (BVetNurs) | 4 | 4 | 4 | **28** | | |

## Universiteit van Pretoria toelatingsvereistes vir programme in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

| Programme | Minimum vereistes vir 2019 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Prestasievlak | | | TPT |
| | Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal | Wiskunde | Fisiese Wetenskap | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | NSS/IEB | |
| BSc (Biochemie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Biologiese Wetenskappe) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Biotegnologie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Ekologie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Dierkunde) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Entomologie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Genetika)<br>BSc (Mensgenetika) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Mensfisiologie)<br>BSc (Mensfisiologie, Genetika en Sielkunde) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Mediese Wetenskappe) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Mikrobiologie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Plantkunde) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Chemie) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Fisika) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Geografie) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Geoinformatika) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Geologie) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Meteorologie) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Omgewings-wetenskappe) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Omgewings- en Ingenieursgeologie) | 5 | 5 | 5 | 32 |
| BSc (Kulinêre Wetenskap) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Voedselwetenskap) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BSc (Voeding) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BScAgric (Landbou-ekonomie en Agribesigheidsbestuur) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BScAgric (Veekunde) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BScAgric (Plantpatologie) | 5 | 5 | 5 | 30 |
| BScAgric (Toegepaste Plant- en Grondwetenskappe) | 5 | 5 | 5 | 30 |

### Graad 10-vakpakket

**Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket**

- Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees
- Wiskunde
- Fisiese Wetenskap
- Lewens-oriëntering

**Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak** ***(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)***

- Rekenaar-toepassings-tegnologie
- Geografie
- Lewens-wetenskappe
- Landbou-wetenskap
- Ekonomie
- Besigheid-studies
- Rekeningkunde
- Ingenieurs-grafika en -ontwerp
- Verbruiker-studies
- Gasvryheid-studies
- 'n Derde taal

| Programme | Minimum vereistes vir 2019 | | | Graad 10-vakpakket | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Prestasievlak | | TPT | Leerders wat in hierdie UP-programme belangstel, MOET die vakke hieronder insluit in hulle NSS/IEB Graad 10-vakpakket | Gewilde vakke wat geneem MAG word om die pakket vol te maak *(Ander 20-krediet skoolvakke wat nie hier gelys word nie, mag ook oorweeg word)* |
| | Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal | Wiskunde | | | |
| | NSS/IEB | NSS/IEB | | | |
| BSc (Aktuariële en Finansiële Wiskunde) | 5 | 7 | **34** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Inligting-tegnologie*<br>▪ Fisiese Wetenskap*<br>▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Ekonomie<br>▪ Besigheid-studies<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ 'n Derde taal<br><br>*Veral belangrik vir studies in aktuariële wetenskappe. Leerders word ook aangemoedig om Alpha of Addisionele Wiskunde te neem alhoewel alle skole dit nie aanbied nie. |
| BSc (Wiskunde)<br>BSc (Toegepaste Wiskunde) | 5 | 6 | **32** | | |
| BSc (Wiskundige Statistiek) | 5 | 6 | **32** | | |
| BVerbrwet (Kledingklein-handelbestuur) | 5 | 4 | **28** | ▪ Twee tale waarvan Engels een moet wees en waarvan ten minste een op Huistaalvlak en die ander op Eerste Addisionele Taalvlak moet wees<br>▪ Wiskunde<br>▪ Lewens-oriëntering | ▪ Rekenaar-toepassings-tegnologie<br>▪ Fisiese Wetenskap<br>▪ Lewens-wetenskappe<br>▪ Verbruiker-studies<br>▪ Gasvryheid-studies<br>▪ Ekonomie<br>▪ Besigheid-studies<br>▪ Rekeningkunde<br>▪ 'n Derde taal |
| BVerbrwet (Voedselklein-handelbestuur) | 5 | 4 | **28** | | |
| BVerbrwet (Gasvryheidsbestuur) | 5 | 4 | **28** | | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Universiteit van Pretoria kontakinligting**
Leerders en ouers is baie welkom om die Departement Toelating en Studenteadministrasie by die Universiteit te kontak vir enige navrae en advies.

**Tel** +27 (0)12 420 3111 | **E-pos** ssc@up.ac.za | **Webwerf** www.up.ac.za

**Fisiese adres**
Universiteit van Pretoria, hv Lynnwoodweg en Roperstraat, Hatfield

**Posadres**
Universiteit van Pretoria, Privaatsak X20, Hatfield 0028

**JuniorTukkie kontakinligting**
**Tel** +27 (0)12 420 5102/6606 | **E-pos** junior.tukkie@up.ac.za
**Webwerf** www.up.ac.za/juniortukkie